# BEROEPSGESONDHEIDS- EN VEILIGHEIDSBELEID

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 1P_1.1.3_NWUOHS |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite |
| **Beleideienaar** | Veiligheidsbestuurder |
| **Verantwoordelike afdeling** | Fasiliteite – Veiligheidsdepartement |
| **Status** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van Goedkeuring** | 17 November 2022 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | November 2025 |

# BEROEPSGESONDHEIDS- EN VEILIGHEIDSBELEID

## Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid en stel reëls oor Beroepsgesondheid en Veiligheid op 17 November 2022 aanvaar.

## 1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid en alle verwante dokumente moet vertolk en toegepas word op ŉ wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 85 van 1993 ("die Wet"), en die

1.4 Statuut van die Noordwes-Universiteit.

## 2 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om –

2.1 ŉ operasionele beroepsgesondheid- en veiligheidsbestuurstelsel te handhaaf en te verbeter, gefokus op BGV-nakoming, effektiewe BGV-risikobestuur, voorkoming van siektes en die beskerming teen beserings, ŉ werksomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van sy werknemers en die bevordering van veilige bedrywighede, nie net vir die NWU-werknemers nie, maar ook vir alle ander individue wat deur sy fasiliteite en bedrywighede geraak mag word;

2.2 leierskap, rigting en verbintenis ten opsigte van beroepsgesondheid en veiligheid-aspekte (BGV-aspekte) te demonstreer;

2.3 die BGV-prosedures wat vir die spesifieke omgewing vasgestel is, na te kom en te beoefen;

2.4 ŉ konsekwente benadering tot die bestuur van BGV-kwessies regoor die universiteit te verseker;

2.5 werknemers, studente en belanghebbers oor BGW-aangeleenthede te raadpleeg en met hulle te kommunikeer,

2.6 die personeel op te voed oor BGV-risikobestuur, en beroepsgesondheid- en veiligheidbeginsels;

2.7 werknemers, studente en belanghebbers se reg te respekteer om in ŉ gesonde en veilige werksomgewing te werk en te studeer waar hulle voel dat gevare voldoende beheer word;

2.8 die beroepsgesondheid en veiligheid van werknemers, studente en belanghebbers te bevorder;

2.9 prestasie m.b.t. beroepsgesondheid en -veiligheid te meet en gehaltebeheer te verseker;

2.10 aan statutêre verpligtinge met betrekking tot BGV te voldoen; en

2.11 te verseker dat die NWU BGV-doelwitte en -teikens identifiseer en ontwikkel wat die visie, missie en waardes van die NWU ondersteun.

## 3 Rolle, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid

3.1 Die Visekanselier moet toesien dat ŉ omvattende NWU Beroepsgesondheid- en Veiligheidsbestuursplan ontwikkel word en deurlopend bygewerk word vir implementering en bestuur in alle fakulteite, skole en departemente.

3.2 Die Visekanselier moet, ingevolge artikel 16(2) van die Wet, die pligte en verantwoordelikhede met betrekking tot BGV toewys aan bestuurders en werknemers van die NWU.

3.3 Alle uitvoerende lede het die statutêre verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir gesondheid en veiligheid binne hul toegewysde werk- en bedryfsomgewings. Die uitvoerende lede wat as Artikel 16(2) aangesteldes aangestel is, moet die NWU se BGW-stelsel binne hul toegewese omgewings implementeer en bestuur. Dit sluit in BGV-afsprake, BGV-vergaderings, BGV-risikobestuur, BGV operasionele bestuur, BGV-voorval en noodbestuur.

3.4 Die drie Adjunk-visekanseliers (deur die drie kampus se Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitees) is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid in terme van die nodige prosesstelsels en prosedures op kampusbedryfsvlak.

3.5 Die Visekanselier moet ingevolge Algemene Masjinerieregulasies 2(1) die pligte en verantwoordelikhede aan ŉ bevoegde persoon toewys om nakoming te bestuur en te verseker in terme van masjinerie by die NWU.

3.6 Alle direkteurs, adjunkdirekteurs, bestuurders en toesighoudende personeel moet hul verantwoordelikhede in terme van beroepsgesondheid en -veiligheid volgens hul posvereistes nakom en toesien dat die NWU se beroepsgesondheid- en veiligheidsbestuurstelsel binne hul fakulteite, departemente of besigheidseenhede geïmplementeer, bestuur en gemoniteer word.

3.7 Elke NWU-werknemer moet verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir hul eie gesondheid en veiligheid asook vir die gesondheid en veiligheid van hul kollegas, studente en besoekers.

## 4 Omvang van toepassing

Hierdie beleid geld vir alle werknemers, studente en diensverskaffers van die Universiteit.

## 5 Spesifieke verantwoordelikhede van bestuurders

Die NWU-bestuur is verantwoordelik en aanspreeklik om ŉ gesondheid en veilige werksomgewing by die universiteit te verskaf, waar prakties moontlik, en moet daarna streef om –

5.1 potensiële gevare te identifiseer, risiko's te bestuur en te beheer ten opsigte van werkplektoestande en -handelinge;

5.2 goed ontwerpte prosesse, toerusting en prosedures aan te wend, ondersteun deur die nodige inligting, instruksies, opleiding en bestuurstelsels, om enige potensieel gevaarlike toestand of risiko te beheer en te minimeer, ten einde die gesondheid en veiligheid van werknemers, studente, kontrakteurs en besoekers te verseker (hierna gesamentlik na verwys as relevante persone);

5.3 die voorsiening van gesondheid- en veiligheidstandaarde in verband met die gebruik, hantering, berging en vervoer van artikels en gevaarlike stowwe te verseker;

5.4 te verseker dat die nodige maatreëls en standaarde behoorlik nagekom word, in belang van gesondheid en veiligheid;

5.5 die doeltreffendheid van gesondheids- en veiligheidsmaatreëls binne die NWU te moniteer, en

5.6 te verseker dat die NWU se beroepsgesondheid- en veiligheidsbestuurstelsel geïmplementeer word.

Die NWU is daartoe verbind om te funksioneer as ŉ unitêre, geïntegreerde, multikampusuniversiteit wat billikheid, herstel en globaal mededingende onderrig en navorsing oor al drie kampusse heen moontlik maak. Die Noordwes-Universiteit (NWU) se droom is om ŉ internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ŉ sorgsaamheidsetiek. Die NWU erken watter impak sy besigheidsaktiwiteite op die gesondheid en veiligheid van sy werknemers, studente en belanghebbers kan hê.

Die NWU bestuur, handhaaf en verbeter voortdurend ŉ model beroepsgesondheid- en veiligheidstelsel. Die stelsel se fokus is op BGV-voldoening, doeltreffende BGV-risikobestuur, voorkoming van siektes en die beskerming teen beserings, en die bevordering van veilige bedrywighede, nie net vir die NWU-werknemers nie, maar ook vir alle ander individue (met inbegrip van studente, besoekers, kontrakteurwerknemers en persone in die omliggende gemeenskap) wat deur die NWU se fasiliteite en bedrywighede geraak mag word.

**Ons as die NWU is daartoe verbind om:**

- ŉ operasionele beroepsgesondheid- en veiligheidsbestuurstelsel te handhaaf en te verbeter, gefokus op BGV-nakoming, effektiewe BGV-risikobestuur, voorkoming van siektes en die beskerming teen beserings, die bevordering van veilige bedrywighede, nie net vir die NWU-werknemers nie, maar ook vir alle ander individue wat deur sy fasiliteite en bedrywighede geraak mag word;
- leierskap, rigting en verbintenis ten opsigte van beroepsgesondheid en veiligheid-aspekte (BGV-aspekte) te demonstreer;
- die BGV-prosedures wat vir die spesifieke omgewing vasgestel is, na te kom en te beoefen;
- ŉ konsekwente benadering tot die bestuur van BGV-kwessies regoor die universiteit te verseker;
- werknemers, studente en belanghebbers oor BGW-aangeleenthede te raadpleeg en met hulle te kommunikeer,
- die personeel op te voed oor BGV-risikobestuur, en beroepsgesondheid- en veiligheidbeginsels;
- werknemers, studente en belanghebbers se reg te respekteer om in ŉ gesonde en veilige werksomgewing te werk en te studeer waar hulle voel dat gevare en risiko's voldoende beheer word;
- die beroepsgesondheid en veiligheid van werknemers, studente en belanghebbers te bevorder;
- prestasie m.b.t. beroepsgesondheid en -veiligheid te meet en gehaltebeheer te verseker;
- aan statutêre verpligtinge met betrekking tot BGV te voldoen; en
- te verseker dat die NWU BGV-doelwitte en -teikens identifiseer en ontwikkel wat die visie, missie en waardes van die NWU ondersteun.

Die NWU se doelwit is om op voortdurende verbetering te fokus, wat bereik word deur die daarstelling van ŉ doeltreffende BGV-bestuurstelsel om data te verskaf wat nuttig is in die beoordeling van die operasie in terme van omvang, toepaslikheid en doeltreffendheid, insluitend ŉ gereelde assessering van die algehele BGV-stelselbestuur om vas te stel of dit vordering gemaak het met die bereiking van sy doelwitte en doelstellings, of sy beleide en prosedures relevant is en of hierdie beleide, prosedures, riglyne en fasiliteite steeds aan wetgewing voldoen of dit oorskry.

| ____________________ | ____________________ |
|---|---|
| **VISEKANSELIER** | **DATUM** |

Oorspronklike gegewens: (11664754) https://nwucloud.sharepoint.com/sites/nwu_ram-pfr/shared documents/general/ohs policy/2022_01/ready for publication/Beroepsgesondheids-en Veiligheidsbeleid.docm
6 Desember 2022

Verwysingsnommer: 1P_1.1.3_NWUOHS